*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

**Republic of South Africa** ◆ **Republiek van Suid-Afrika**

# Government Gazette
## *Extraordinary*
## *Buitengewone*
# Staatskoerant

*(Registered at the Post Office as a Newspaper)* *(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)*

**(REGULATION GAZETTE No. 267)** Price 10c Prys Overseas 15c Oorsee POST FREE — POSVRY **(REGULASIEKOERANT No. 267)**

VOL. X.] PRETORIA, 20 DECEMBER / 20 DESEMBER 1963. [No. 674.

## GOVERNMENT NOTICE.

### DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. R. 1974.] [20 December 1963.

The Minister of Transport has, in terms of section *twenty-two* of the Aviation Act, 1962 (Act No. 74 of 1962), repealed the State Airport Regulations, 1955, as amended, and has in terms of the said section made the regulations contained in the Schedule hereto:—

SCHEDULE.

TITLE AND SAVINGS.

1. (1) These regulations may be cited as the State Airport Regulations, 1963.

(2) Anything done or deemed to have been done in terms or by virtue of any provision of the State Airport Regulations, 1955, shall be deemed to have been done in terms or by virtue of the corresponding provision of these regulations.

INTERPRETATION OF TERMS.

2. In these regulations the expression "the Act" means the Aviation Act, 1962 (Act No. 74 of 1962), and unless the context otherwise indicates, any expression used in these regulations to which a meaning has been assigned in the Act, bears the meaning so assigned, and—

(i) "airport" means the D. F. Malan Aerodrome, the Jan Smuts Aerodrome, the Louis Botha Aerodrome, the J. B. M. Hertzog Aerodrome, the East London Aerodrome or the Kimberley Aerodrome, as the case may be; (ix)

(ii) "cargo" includes baggage and mail; (xix)

(iii) "driver" means any person who has physical control of the steering mechanism of a vehicle or combination of vehicles or who drives or guides any animal or animal-drawn vehicle, and "drive" and "driven" have a corresponding meaning; (iv)

(iv) "manager" means the airport manager or any official of the Department of Transport acting on his behalf; (iii)

(v) "operator" includes, in relation to an aircraft, the owner thereof and any person who is or has been acting as agent in the Republic for an owner who is not a foreign owner; (vii)

(vi) "park" means—

(*a*) in relation to an aircraft, to keep that aircraft, whether occupied or not, stationary; and

## GOEWERMENTSKENNISGEWING.

### DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. R. 1974.] [20 Desember 1963.

Die Minister van Vervoer het kragtens artikel *twee-en-twintig* van die Lugvaartwet, 1962 (Wet No. 74 van 1962), die Staatslughaweregulasies, 1955, soos gewysig, herroep en het kragtens die genoemde artikel die regulasies, in die bygaande Bylae vervat, gemaak:—

BYLAE.

TITEL EN VOORBEHOUD.

1. (1) Hierdie regulasies kan as die Staatslughaweregulasies, 1963, aangehaal word.

(2) Enigiets wat gedoen is of geag word gedoen te wees ingevolge of uit hoofde van 'n bepaling van die Staatslughaweregulasies, 1955, word geag ingevolge of uit hoofde van die ooreenstemmende bepaling van hierdie regulasies gedoen te wees.

WOORDOMSKRYWING.

2. In hierdie regulasies beteken die uitdrukking „die Wet" die Lugvaartwet, 1962 (Wet No. 74 van 1962), en tensy uit die samehang anders blyk, het enige uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis toegeken is, wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word, die aldus toegekende betekenis en beteken—

(i) „aanloopbaan", 'n bepaalde reghoekige terrein, binne die beperkingsgebied, wat gebou is vir die uit- en aanloop van vliegtuie langs die lengte daarvan; (xiv)

(ii) „beperkingsgebied", die gebied ingevolge regulasie 3 afgebaken; (xi)

(iii) „bestuurder", die lughawebestuurder of 'n beampte van die Departement van Vervoer wat namens hom optree; (iv)

(iv) „drywer", 'n persoon wat fisiese beheer het oor die stuurinrigting van 'n voertuig of kombinasie van voertuie of wat 'n dier of voertuig wat deur diere getrek word, dryf of lei, en het „dryf" en „gedryf" 'n ooreenstemmende betekenis; (iii)

(v) „eindpuntgebied", die gebied ingevolge regulasie 8 afgebaken; (xvi)

(vi) „eindpuntgebou", die gebou op die lughawe, naasaan die eindpuntgebied, waarvandaan iemand gaan na die vliegtuig waarin hy op die punt staan om in te stap of waarheen iemand gaan nadat hy uit 'n vliegtuig uitgestap het; (xvii)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*b*) in relation to a vehicle, to keep that vehicle, whether occupied or not, stationary for a period of time greater than is reasonably necessary for the actual loading or unloading of persons or goods;

and "parked" and "parking" have a corresponding meaning; (xii)

(vii) "parking meter" means in relation to a vehicle a device for automatically registering and visibly recording the passage of time, operated by the insertion of a coin therein, and includes any post or fixture to which it is attached; (xiii)

(viii) "parking period" means in relation to a vehicle that period of time of parking in a parking place demarcated in terms of regulation 30 which is determined by the insertion into a parking meter of the appropriate coin; (xiv)

(ix) "path" means a portion of the airport designed, intended or improved for the use of pedestrians; (viii)

(x) "policeman" means any commissioned officer, non-commissioned officer or constable serving in the South African Police established under the Police Act, 1912 (Act No. 14 of 1912), and includes, if the airport is situated within the area of a municipality, a traffic officer or a traffic inspector in the full-time employment of that municipality; (xv)

(xi) "restricted area" means the area demarcated in terms of regulation 3; (ii)

(xii) "road" means a portion of the airport designed, intended or improved for the passage of vehicles; (x)

(xiii) "road traffic sign" means any sign, signal or other device or marking provided for the purpose of warning, regulating, guiding, restricting or prohibiting traffic; (xi)

(xiv) "runway" means a defined rectangular area, in the restricted area, constructed for the landing and take-off run of aircraft along its length; (i)

(xv) "taxiway" means a defined path in the restricted area constructed for the use of taxi-ing aircraft; (xvi)

(xvi) "terminal area" means the area demarcated in terms of regulation 8; (v)

(xvii) "terminal building" means the building on the airport, adjacent to the terminal area, from which a person proceeds to the aircraft in which he is about to embark or to which a person proceeds after disembarking from an aircraft; (vi)

(xviii) "traffic" means, in relation to a road, vehicles, pedestrians and ridden, led or driven animals on that road; (xvii)

(xix) "vehicle" means any vehicle except an aircraft. (xviii)

DEMARCATION OF RESTRICTED AREA.

3. (1) The manager may, on the airport, demarcate a restricted area and indicate its boundaries by means of markings on the surface of the airport or by means of fences or obstructions or notices erected along the boundaries of such restricted area or by means of a combination of such markings, fences, obstructions or notices.

(2) Subject to the provisions of sub-regulation (1) relating to the manner in which such boundary shall be indicated, the manager may alter any boundary or any portion of a boundary of the restricted area.

(vii) „eksploitant", met betrekking tot 'n vliegtuig, ook die eienaar daarvan en 'n persoon wat as agent van 'n eienaar uitgesonderd 'n buitelandse eienaar, in die Republiek optree of opgetree het; (v)

(viii) „looppad", 'n gedeelte van die lughawe wat vir die gebruik van voetgangers ontwerp, bestem of verbeter is; (ix)

(ix) „lughawe", die D. F. Malanvliegveld, die Jan Smutsvliegveld, die Louis Bothavliegveld, die J. B. M. Hertzogvliegveld, die vliegveld Oos-Londen of die vliegveld Kimberley, na gelang van die geval; (i)

(x) „pad", 'n gedeelte van die lughawe wat vir die deurgang van voertuie ontwerp, bestem of verbeter is; (xii)

(xi) „padverkeersteken", 'n teken, sinjaal of ander toestel of merk wat aangebring is om verkeer te waarsku, reël, lei, beperk of belet; (xiii)

(xii) „parkeer"—

(*a*) met betrekking tot 'n vliegtuig, om daardie vliegtuig, hetsy met of sonder insittendes, op een plek stil te laat staan; en

(*b*) met betrekking tot 'n voertuig, om daardie voertuig, hetsy met of sonder insittendes, op een plek stil te laat staan vir 'n langer tydperk as wat redelikerwys nodig is vir die werklike op- of afhaal van persone of goedere;

en het „geparkeer" en „parkering" 'n ooreenstemmende betekenis; (vi)

(xiii) „parkeermeter" met betrekking tot 'n voertuig 'n toestel wat die tydsverloop outomaties registreer en sigbaar aanteken en wat deur die plasing van 'n muntstuk daarin in werking gestel word, en dit sluit enige paal of installasie waaraan dit vas is in; (vii)

(xiv) „parkeertydperk" met betrekking tot 'n voertuig daardie tydperk van parkering in 'n parkeerplek afgemerk kragtens regulasie 29 wat bepaal word deur die plasing van die gepaste muntstuk in die parkeermeter; (viii)

(xv) „polisiebeampte", 'n offisier, onderoffisier of konstabel wat diens doen in die Suid-Afrikaanse Polisie opgerig kragtens die Polisiewet, 1912 (Wet No. 14 van 1912), en as die lughawe binne die gebied van 'n munisipaliteit geleë is, ook 'n verkeersbeampte of 'n verkeersinspekteur wat voltyds by daardie munisipaliteit in diens is; (x)

(xvi) „rybaan", 'n bepaalde baan, binne die beperkingsgebied, wat gebou is sodat vliegtuie daarlangs kan ry; (xv)

(xvii) „verkeer", met betrekking tot 'n pad, voertuie, voetgangers of diere wat gery, gelei of gedryf word op daardie pad; (xviii)

(xviii) „voertuig", enige voertuig behalwe 'n vliegtuig; (xix)

(xix) „vrag", ook bagasie en pos. (ii)

AFBAKENING VAN BEPERKINGSGEBIED.

3. (1) Die bestuurder kan, op die lughawe, 'n beperkingsgebied afbaken en die grense daarvan aandui deur middel van merke op die oppervlakte van die lughawe of deur middel van heinings of hindernisse of kennisgewings wat al langs die grense van die beperkingsgebied opgerig is of deur middel van sowel sulke merke, heinings, hindernisse as kennisgewings.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (1) met betrekking tot die wyse waarop sodanige grens aangedui moet word, kan die bestuurder enige grens of gedeelte van 'n grens van die beperkingsgebied verander.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



USE OF RUNWAYS OR TAXIWAYS AND LANDING ON OR TAKING OFF FROM AIRPORT.

4. Save in an emergency—

(a) or on the direction of the manager given in terms of regulation 7, no person shall move an aircraft in the restricted area except on a runway or a taxiway;

(b) no person shall move on to or move an aircraft or vehicle onto a runway or a taxiway without the permission of the air traffic control service operating at the airport;

(c) no person shall use a portion of the airport other than a runway for landing or taking off an aircraft; and

(d) no person shall land an aircraft fitted with a tail-skid on a runway or shall take off such an aircraft from a runway.

ENTRY TO RESTRICTED AREA.

5. Except with the permission of the manager no person—

(a) other than a person carried in an aircraft which has just landed on or is about to take off from the airport, shall enter the restricted area;

(b) shall move an aircraft travelling on the surface of the airport or a vehicle into the restricted area.

POINTS OF ENTRY TO OR EXIT FROM RESTRICTED AREA.

6. (1) The manager may by means of markings on the surface of the airport or by notices, or by means of both such markings and notices, establish points where—

(a) a person other than a person carried in an aircraft or in or on a vehicle;

(b) an aircraft travelling on the surface of the airport; or

(c) a vehicle;

may enter or leave the restricted area and he may similarly restrict any such point to use by such person or aircraft or vehicle solely for the purpose of entering or leaving the restricted area.

(2) Save in an emergency no person—

(a) other than a person carried in an aircraft or in or on a vehicle shall enter or leave the restricted area; or

(b) shall move an aircraft travelling on the surface of the airport or a vehicle into or from the restricted area;

except at an appropriate point of entry or exit provided in terms of sub-regulation (1).

MOVEMENT OF AIRCRAFT OR VEHICLES IN RESTRICTED AREA ON DIRECTION OF MANAGER.

7. (1) The operator of an aircraft which is travelling on the surface of the airport and which is in the restricted area but not on a runway or a taxiway or the person in lawful charge of a vehicle which is in the restricted area shall, on being directed to do so by the manager, move that aircraft along the surface of the airport or that vehicle—

(a) to another place in the restricted area indicated by the manager; or

(b) from the restricted area;

and if such operator or person refuses or fails or is not present to comply forthwith with such direction the manager may have that aircraft or vehicle moved to comply with such direction and may recover from such operator or person the costs incurred in having that aircraft or vehicle so moved and any such action by the manager shall not exempt such operator or person from a prosecution in respect of such refusal or failure.

GEBRUIK VAN AANLOOPBANE OF RYBANE EN LANDING OP OF OPSTYGING VANAF LUGHAWE.

4. Uitgesonderd in 'n noodgeval—

(a) of in opdrag van die bestuurder wat ingevolge regulasie 7 gegee is, mag niemand 'n vliegtuig in die beperkingsgebied beweeg nie, behalwe op 'n aanloop- of rybaan;

(b) mag geen persoon, sonder die toestemming van die lugverkeersleidingsdiens wat op die lughawe in werking is, op 'n aanloop- of rybaan gaan nie, of met 'n vliegtuig of voertuig op 'n aanloop- of rybaan gaan nie;

(c) mag niemand 'n ander gedeelte van die lughawe as 'n aanloopbaan gebruik om met 'n vliegtuig te land of op te styg nie; en

(d) mag niemand met 'n vliegtuig wat met 'n stertsteun uitgerus is, op 'n aanloopbaan land of met so 'n vliegtuig van 'n aanloopbaan af opstyg nie.

BINNEGAAN VAN BEPERKINGSGEBIED.

5. Behalwe met die toestemming van die bestuurder, mag niemand—

(a) anders as 'n persoon wat 'n insittende is van 'n vliegtuig wat so pas geland het op of op die punt staan of van die lughawe af op te styg, die beperkingsgebied binnegaan nie;

(b) met 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die lughawe ry of met 'n voertuig die beperkingsgebied binnegaan nie.

PUNTE VIR BINNEGAAN OF VERLATING VAN BEPERKINGSGEBIED.

6. (1) Die bestuurder kan deur middel van merke op die oppervlakte van die lughawe of deur middel van kennisgewings, of deur middel van sowel merke as kennisgewings, punte vasstel waar—

(a) iemand anders as 'n persoon wat 'n insittende van 'n vliegtuig is of wat in of op 'n voertuig ry;

(b) 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die lughawe ry; of

(c) 'n voertuig;

die beperkingsgebied mag binnegaan of verlaat en hy kan eweneens 'n beperking oplê dat so 'n punt alleen deur so 'n persoon of vliegtuig of voertuig gebruik mag word om die beperkingsgebied binne te gaan of te verlaat.

(2) Uitgesonderd in 'n noodgeval, mag niemand—

(a) anders as 'n persoon wat 'n insittende van 'n vliegtuig is of wat in of op 'n voertuig ry, die beperkingsgebied binnegaan of verlaat nie; of

(b) met 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die lughawe ry of met 'n voertuig die beperkingsgebied binnegaan of verlaat nie;

behalwe by 'n toepaslike punt vir die binnegaan of verlating daarvan wat ingevolge subregulasie (1) vasgestel is.

BEWEGING VAN VLIEGTUIE OF VOERTUIE IN BEPERKINGSGEBIED IN OPDRAG VAN BESTUURDER.

7. (1) Die eksploitant van 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die lughawe ry en wat binne die beperkingsgebied maar nie op 'n aanloop- of rybaan is nie, of die persoon wat wettiglik in beheer is van 'n voertuig wat binne die beperkingsgebied is, moet, indien hy aldus deur die bestuurder opdrag gegee is, daardie vliegtuig langs die oppervlakte van die lughawe of daardie voertuig—

(a) na 'n ander plek in die beperkingsgebied wat die bestuurder aanwys; of

(b) uit die beperkingsgebied;

beweeg en as sodanige eksploitant of persoon weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan sodanige opdrag uitvoering te gee nie, kan die bestuurder daardie vliegtuig of voertuig laat beweeg om aan sodanige opdrag uitvoering te gee en kan hy die koste wat aangegaan is om daardie vliegtuig of voertuig aldus te laat beweeg, op sodanige eksploitant of persoon verhaal en enige sodanige optrede deur die bestuurder stel nie sodanige eksploitant of persoon van vervolging ten opsigte van sodanige weiering of versuim vry nie.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



DEMARCATION OF ROUTES IN TERMINAL AREA.

11. (1) The manager may by means of markings on the surface of the airport or by notices, or by means of both such markings and notices demarcate routes in the terminal area for use by—

(a) a person other than a person carried in an aircraft or in or on a vehicle;

(b) an aircraft travelling on the surface of the airport; or

(c) a vehicle;

and he may similarly restrict any such route to use by such person or aircraft or vehicle for the purpose of movement in one direction only.

(2) Save in an emergency no person—

(a) other than a person carried in an aircraft or in or on a vehicle shall move on foot in the terminal area; or

(b) shall move an aircraft travelling on the surface of the airport or a vehicle in the terminal area;

except along an appropriate route demarcated in terms of sub-regulation (1).

MOVEMENT OF AIRCRAFT OR VEHICLES IN TERMINAL AREA.

12. (1) No person shall move an aircraft travelling on the surface of the airport or a vehicle in the terminal area—

(a) unless he has satisfied himself that there will be no danger of the aircraft or vehicle concerned colliding with any person or object;

(b) except at a speed which is safe and reasonable regard being had to the circumstances surrounding such movement and which shall not exceed fifteen miles per hour.

(2) No person shall move an aircraft, travelling under its own power on the surface of the airport, in the terminal area unless he is the holder of an appropriate licence (other than a student pilot's licence) issued in terms of the relative regulations, made under the Act, which entitles him to pilot that aircraft.

NOTIFICATION OF AIRCRAFT MOVEMENT.

13. (1) Immediately after an aircraft has landed on the airport the operator of that aircraft shall give notice to the manager, in the form provided by the latter for the purpose, of the time of arrival of that aircraft together with such other information as he is required by the manager to furnish when completing the notice in the said form.

(2) Immediately before an aircraft is to take off from the airport the operator of that aircraft shall give notice to the manager, in the form provided by the latter for the purpose, of the expected time of departure of that aircraft together with such other information as he is required by the manager to furnish when completing the notice in the said form.

(3) The operator of an aircraft who has, in terms of sub-regulation (1) or (2), given notice to the manager of the arrival or expected departure of that aircraft, shall, as soon as he becomes aware of any variation in the information furnished by him in the said notice, advise the manager of such variation.

PARKING OF AIRCRAFT IN TERMINAL AREA.

14. (1) The operator of an aircraft shall ensure—

(a) that his aircraft is parked in the place on the terminal area allocated to it by the manager; and

(b) that his aircraft is parked in the place so allocated in the position required by the manager;

and if he refuses or fails or is not present to comply forthwith with the terms of such allocation or requirement the manager may have that aircraft parked or positioned

AFBAKENING VAN ROETES IN EINDPUNTGEBIED.

11. (1) Die bestuurder kan deur middel van merke op die oppervlakte van die lughawe of deur middel van kennisgewings, of deur middel van sowel merke as kennisgewings, roetes in die eindpuntgebied afbaken vir gebruik deur—

(a) iemand anders as 'n persoon wat 'n insittende van 'n vliegtuig is of wat in of op 'n voertuig ry;

(b) 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die lughawe ry; of

(c) 'n voertuig,

en hy kan eweneens 'n beperking oplê dat so 'n roete slegs deur so 'n persoon of vliegtuig of voertuig gebruik mag word om in een rigting te beweeg.

(2) Uitgesonderd in 'n noodgeval mag niemand—

(a) anders as 'n persoon wat 'n insittende van 'n vliegtuig is of wat in of op 'n voertuig ry, te voet in die eindpuntgebied loop nie; of

(b) 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die lughawe ry of 'n voertuig in die eindpuntgebied beweeg nie,

behalwe langs 'n toepaslike roete wat ingevolge subregulasie (1) afgebaken is.

BEWEGING VAN VLIEGTUIE OF VOERTUIE IN EINDPUNTGEBIED.

12. (1) Niemand mag 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die lughawe ry of 'n voertuig in die eindpuntgebied beweeg nie—

(a) tensy hy hom daarvan vergewis het dat daar geen gevaar bestaan dat die betrokke vliegtuig of voertuig met 'n persoon of voorwerp sal bots nie;

(b) behalwe met 'n snelheid wat veilig en redelik is, gelet op die omstandighede waaronder die beweging plaasvind, en wat nie vyftien myl per uur mag oorskry nie.

(2) Niemand mag 'n vliegtuig wat met eiekrag op die oppervlakte van die lughawe ry, in die eindpuntgebied beweeg nie, tensy hy die houer is van 'n toepaslike lisensie (uitgesonderd 'n leerlingvlieënierslisensie), uitgereik ingevolge die toepaslike regulasies kragtens die Wet gemaak, wat aan hom die reg verleen om daardie vliegtuig te bestuur.

KENNISGEWING VAN BEWEGING VAN VLIEGTUIE.

13. (1) Onmiddellik nadat 'n vliegtuig op die lughawe geland het, moet die eksploitant van daardie vliegtuig die bestuurder, in die vorm wat laasgenoemde vir dié doel verskaf, van die tyd van aankoms van daardie vliegtuig in kennis stel en alle ander gegewens wat die bestuurder van hom vereis, verstrek wanneer hy die kennisgewing in gemelde vorm invul.

(2) Onmiddellik voordat 'n vliegtuig van die lughawe af gaan opstyg, moet die eksploitant van daardie vliegtuig die bestuurder, in 'n vorm wat laasgenoemde vir dié doel verskaf, van die verwagte tyd van vertrek van daardie vliegtuig in kennis stel en alle ander gegewens wat die bestuurder van hom vereis, verstrek wanneer hy die kennisgewing in gemelde vorm invul.

(3) Sodra die eksploitant van 'n vliegtuig wat die bestuurder ingevolge subregulasie (1) of (2) van die aankoms of verwagte vertrek van daardie vliegtuig in kennis gestel het, van 'n verandering in die inligting wat hy in gemelde kennisgewing verstrek het, te wete kom, moet hy die bestuurder daarvan in kennis stel.

PARKERING VAN VLIEGTUIE IN EINDPUNTGEBIED.

14. (1) Die eksploitant van 'n vliegtuig moet toesien—

(a) dat sy vliegtuig geparkeer word op die plek in die eindpuntgebied wat die bestuurder daaraan toegewys het; en

(b) dat sy vliegtuig in die posisie wat die bestuurder vereis, geparkeer word op die plek wat aldus toegewys is;

en as hy weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan die voorwaardes van sodanige toewysing of vereiste te voldoen nie, kan die bestuurder daardie

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



so as to comply with the terms of such allocation or requirement and may recover the costs incurred in so parking or positioning that aircraft from the operator of that aircraft and any such action by the manager shall not exempt such operator from a prosecution in respect of such refusal or failure.

(2) Save in an emergency no person shall move an aircraft—

(*a*) from the parking place allocated to it in terms of paragraph (*a*) of sub-regulation (1); or

(*b*) from the position in which it was placed in terms of paragraph (*b*) of sub-regulation (1);

except with the approval of the manager.

MOVEMENT OF AIRCRAFT IN TERMINAL AREA ON DIRECTION OF MANAGER.

15. (1) The operator of an aircraft which is in the terminal area shall, on being directed to do so by the manager, move that aircraft—

(*a*) from the position in which it was placed in terms of paragraph (*b*) of sub-regulation (1) of regulation 14 to another position in the same parking place;

(*b*) from the parking place in which it was parked in terms of paragraph (*a*) of sub-regulation (1) of regulation 14 to any other parking place in the terminal area; or

(*c*) from the terminal area;

and if the operator of that aircraft refuses or fails or is not present to comply forthwith with such direction the manager may have that aircraft moved to comply with such direction and may recover the costs incurred in having that aircraft so moved from the operator of that aircraft and any such action by the manager shall not exempt such operator from a prosecution in respect of such refusal or failure.

(2) An aircraft moved to another position under the provisions of paragraph (*a*) of sub-regulation (1) shall be deemed to have been placed in its new position in terms of paragraph (*b*) of sub-regulation (1) of regulation 14 and an aircraft moved to another parking place under the provisions of paragraph (*b*) of sub-regulation (1) shall be deemed to have been parked in its new parking place in terms of paragraph (*a*) of sub-regulation (1) of regulation 14.

MOVEMENT OF VEHICLES IN TERMINAL AREA ON DIRECTION OF MANAGER.

16. The person in lawful charge of a vehicle in the terminal area shall, on being directed to do so by the manager, move that vehicle—

(*a*) to another place in the terminal area indicated by the manager; or

(*b*) from the terminal area;

and if such person refuses or fails or is not present to comply forthwith with such direction the manager may have that vehicle moved to comply with such direction and may recover from such person the costs incurred in having that vehicle so moved and any such action by the manager shall not exempt such person from a prosecution in respect of such refusal or failure.

SECURING OF PARKED AIRCRAFT.

17. An aircraft parked in the terminal area and unattended shall be properly moored or otherwise secured by the operator of that aircraft.

vliegtuig so laat parkeer of opstel dat dit aan die voorwaardes van sodanige toewysing of vereiste voldoen en kan hy die koste wat aangegaan is om daardie vliegtuig aldus te parkeer of op te stel, op die eksploitant van daardie vliegtuig verhaal en enige sodanige optrede deur die bestuurder stel nie die eksploitant van vervolging ten opsigte van sodanige weiering of versuim vry nie.

(2) Uitgesonderd in 'n noodgeval mag niemand 'n vliegtuig—

(*a*) uit die parkeerplek wat ingevolge paragraaf (*a*) van subregulasie (1) daaraan toegewys is; of

(*b*) uit die posisie waarin dit ingevolge paragraaf (*b*) van subregulasie (1) opgestel is,

beweeg nie, behalwe met die goedkeuring van die bestuurder.

BEWEGING VAN VLIEGTUIE IN EINDPUNTGEBIED IN OPDRAG VAN BESTUURDER.

15. (1) Die eksploitant van 'n vliegtuig wat binne die eindpuntgebied is, moet, indien hy aldus deur die bestuurder opdrag gegee is, daardie vliegtuig—

(*a*) uit die posisie waarin dit ingevolge paragraaf (*b*) van subregulasie (1) van regulasie 14 opgestel is, in 'n ander posisie op dieselfde parkeerplek;

(*b*) uit die parkeerplek waarin dit ingevolge paragraaf (*a*) van subregulasie (1) van regulasie 14 geparkeer is, na 'n ander parkeerplek in die eindpuntgebied; of

(*c*) uit die eindpuntgebied,

beweeg en as die eksploitant van daardie vliegtuig weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan sodanige opdrag uitvoering te gee nie, kan die bestuurder daardie vliegtuig laat beweeg om aan sodanige opdrag uitvoering te gee en kan hy die koste wat aangegaan is om daardie vliegtuig aldus te laat beweeg op die eksploitant van daardie vliegtuig verhaal en enige sodanige optrede deur die bestuurder stel nie sodanige eksploitant van vervolging ten opsigte van sodanige weiering of versuim vry nie.

(2) Daar word geag dat 'n vliegtuig wat kragtens die bepalings van paragraaf (*a*) van subregulasie (1) in 'n ander posisie beweeg is, ingevolge paragraaf (*b*) van subregulasie (1) van regulasie 14 in sy nuwe posisie opgestel is en dat 'n vliegtuig wat kragtens die bepalings van paragraaf (*b*) van subregulasie (1) na 'n ander parkeerplek beweeg is, ingevolge paragraaf (*a*) van subregulasie (1) van regulasie 14 op sy nuwe parkeerplek geparkeer is.

BEWEGING VAN VOERTUIE IN EINDPUNTGEBIED IN OPDRAG VAN BESTUURDER.

16. Die persoon wat wettiglik in beheer is van 'n voertuig in die eindpuntgebied moet, indien hy aldus deur die bestuurder opdrag gegee is, daardie voertuig—

(*a*) na 'n ander plek in die eindpuntgebied wat die bestuurder aanwys; of

(*b*) uit die eindpuntgebied,

beweeg en as sodanige persoon weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan sodanige opdrag uitvoering te gee nie, kan die bestuurder daardie voertuig laat beweeg om aan sodanige opdrag uitvoering te gee en kan hy die koste wat aangegaan is om daardie voertuig aldus te laat beweeg, op sodanige persoon verhaal en enige sodanige optrede deur die bestuurder stel nie sodanige persoon van vervolging ten opsigte van sodanige weiering of versuim vry nie.

BEVEILIGING VAN GEPARKEERDE VLIEGTUIE.

17. 'n Vliegtuig wat in die eindpuntgebied geparkeer staan en nie bewaak word nie, moet behoorlik vasgemeer of op 'n ander wyse deur die eksploitant van daardie vliegtuig beveilig word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) The operator of an aircraft which is carrying dangerous cargo on the airport shall, if directed to do so by the manager, move that aircraft to another place on the airport and keep that aircraft in that place until the manager grants permission for that aircraft to be moved.

(5) If the operator of an aircraft in which dangerous cargo is carried refuses or fails or is not present to comply forthwith with any prohibition made by the manager in terms of sub-regulation (2) or with any direction given by the manager in terms of sub-regulation (2), (3) or (4) or refuses or fails or is not present to comply forthwith with a condition imposed by the manager in terms of sub-regulation (2) or (3), the manager may take all steps necessary to ensure that any such prohibition, direction or condition is complied with as expeditiously and safely as possible and may recover from the operator of that aircraft the costs incurred in ensuring compliance with such prohibition, direction or condition and any such action by the manager shall not exempt such operator from a prosecution in respect of such refusal or failure.

(6) For the purpose of this regulation the expression "dangerous cargo" means an explosive substance and any other article or thing (whether explosive or not) which by reason of its nature is liable to endanger the safety of aircraft or persons or property on the airport but does not include any substance or thing which, although such substance or thing is dangerous cargo as defined herein, may, without special permission be carried in an aircraft in terms of the regulations, made under the Act, relating to the carriage of dangerous goods in an aircraft.

### SUPPLY OF FUEL TO AIRCRAFT.

22. (1) No person shall on the airport supply any fuel to any aircraft except at a place and in a manner approved by the manager.

(2) The manager may make any approval granted by him in terms of sub-regulation (1) subject to compliance with such conditions as he may consider necessary to impose in order to safeguard persons or property on the airport and he may from time to time vary or add to any condition so imposed or withdraw his approval.

### BOARDING OR TAMPERING WITH AIRCRAFT.

23. Except with the permission of the person in lawful charge of an aircraft no person shall, on the airport—

(*a*) board such aircraft; or

(*b*) tamper or interfere in any way whatsoever with such aircraft or anything used in connection with such aircraft.

### TEST-RUNNING OF AIRCRAFT ENGINES.

24. No person shall test-run an aircraft engine on the airport except at a place designated for the purpose by the manager.

### REMOVAL OF DAMAGED OR DISABLED AIRCRAFT.

25. (1) The operator of an aircraft which is damaged or disabled on the airport shall, if directed to do so by the manager, move such aircraft or any part thereof of any cargo or thing carried therein to another place on the airport indicated by the manager or from the airport.

(2) If the operator of a damaged or disabled aircraft refuse or fails or is not present to comply forthwith with any direction given by the manager in terms of sub-regulation (1), the manager may take all steps necessary to ensure that such direction is complied with as expeditiously and safely as possible and may recover from the operator of that aircraft the costs incurred in ensuring compliance with such direction and any such action by the manager shall not exempt such operator from a prosecution in respect of such refusal or failure.

(4) Die eksploitant van 'n vliegtuig wat gevaarlike vrag op die lughawe vervoer, moet, indien hy aldus deur die bestuurder opdrag gegee is, daardie vliegtuig na 'n ander plek op die lughawe beweeg en daardie vliegtuig op daardie plek hou totdat die bestuurder toestemming verleen dat daardie vliegtuig beweeg kan word.

(5) As die eksploitant van 'n vliegtuig waarin gevaarlike vrag vervoer word, weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan 'n verbod wat die bestuurder ingevolge subregulasie (2) oplê of 'n opdrag wat die bestuurder ingevolge subregulasie (2), (3) of (4) gee, uitvoering te gee nie, of weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan 'n voorwaarde wat die bestuurder ingevolge subregulasie (2) of (3) oplê, te voldoen nie, kan die bestuurder alle stappe doen wat nodig is om te verseker dat so 'n verbod, opdrag of voorwaarde so spoedig en veilig moontlik nagekom word en kan hy die koste wat aangegaan is om die nakoming van so 'n verbod, opdrag of voorwaarde te verseker, op die eksploitant van daardie vliegtuig verhaal en enige sodanige optrede deur die bestuurder stel nie sodanige eksploitant van vervolging ten opsigte van sodanige weiering of versuim vry nie.

(6) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken die uitdrukking „gevaarlike vrag" enige ontplofbare stof en enige ander artikel of ding (hetsy ontplofbaar of nie) wat weens die aard daarvan die veiligheid van vliegtuie of persone of eiendom op die lughawe in gevaar kan stel, maar omvat nie enige stof of ding wat, ofskoon sodanige stof of ding gevaarlike vrag is soos hierin omskryf, sonder spesiale toestemming in 'n vliegtuig vervoer kan word ingevolge die regulasies, kragtens die Wet gemaak, wat op die vervoer van gevaarlike goedere in 'n vliegtuig betrekking het nie.

### VERSKAFFING VAN BRANDSTOF AAN VLIEGTUIE.

22. (1) Niemand mag op die lughawe brandstof aan 'n vliegtuig verskaf nie behalwe op 'n plek en wyse wat die bestuurder goedkeur.

(2) Die bestuurder kan enige goedkeuring wat hy ingevolge subregulasie (1) verleen, onderworpe stel aan die nakoming van sodanige voorwaardes as wat hy nodig ag om op te lê ten einde persone of eiendom op die lughawe te beveilig en hy kan van tyd tot tyd 'n voorwaarde wat aldus opgelê is, wysig of aanvul of sy goedkeuring terugtrek.

### AAN BOORD GAAN VAN OF PEUTER AAN VLIEGTUIE.

23. Behalwe met die toestemming van die persoon wat wettiglik in beheer is van 'n vliegtuig, mag niemand op die lughawe—

(*a*) aan boord van so 'n vliegtuig gaan nie; of

(*b*) op watter manier ook al aan so 'n vliegtuig of enigiets wat in verband met so 'n vliegtuig gebruik word, peuter of hom daarmee bemoei nie.

### PROEFLOOP VAN VLIEGTUIGMOTORE.

24. Niemand mag 'n vliegtuigmotor op die lughawe laat proefloop nie behalwe op 'n plek wat die bestuurder daarvoor aanwys.

### VERWYDERING VAN BESKADIGDE OF ONTREDDERDE VLIEGTUIE.

25. (1) Die eksploitant van 'n vliegtuig wat op die lughawe beskadig of ontredder raak moet, indien hy aldus deur die bestuurder opdrag gegee is sodanige vliegtuig of 'n gedeelte daarvan of enige vrag of ding wat daarin vervoer word, na 'n ander plek op die lughawe wat die bestuurder aanwys of van die lughawe af verwyder.

(2) As die eksploitant van 'n beskadigde of ontredderde vliegtuig weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan 'n opdrag wat die bestuurder ingevolge subregulasie (1) gee, te voldoen nie, kan die bestuurder alle stappe doen wat nodig is om te verseker dat sodanige opdrag so spoedig en veilig moontlik nagekom word en kan hy die koste wat aangegaan is om te verseker dat sodanige opdrag nagekom word, op die eksploitant van daardie vliegtuig verhaal, en enige sodanige optrede deur die bestuurder stel nie sodanige eksploitant van vervolging ten opsigte van sodanige weiering of versuim vry nie.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



USE OF ROADS AND PATHS.

26. Save in an emergency no person—

(a) shall, on the airport, move a vehicle except on a road;

(b) on the airport, other than a person in the terminal area or in a building or structure erected on the airport, shall move on foot except on a path: Provided that if no path is available a person may move on foot on a road but shall then keep as closely as possible to the right-hand side of the road in question so as to face oncoming traffic; or

(c) shall, on the airport, obstruct free passage along a road or a path: Provided that this paragraph shall not apply to a vehicle parked in a place where a vehicle of that particular type or class may be parked in accordance with a road traffic sign erected or placed in terms of regulation 29.

VEHICLES TO KEEP LEFT.

27. Any person driving a vehicle on a road shall do so with due care and in such a manner as not to encroach on that half of the road to his right, unless he can do so without obstructing or endangering other traffic thereon and such encroachment is not prohibited in terms of a road traffic sign or unless he does so in compliance with the direction of a policeman.

DRIVING OF MOTOR VEHICLE.

28. (1) No person shall drive a motor vehicle on the airport unless he is the holder of a licence which entitles him in terms of the law relating to the licensing and registration of motor vehicles in force in the Province in which the airport concerned is situated, to drive that motor vehicle upon a public road in that Province.

(2) The manager or a policeman may demand from the driver of any motor vehicle on the airport the production of the licence which so entitles him to drive that motor vehicle.

(3) For the purpose of this regulation the expression "motor vehicle" shall have the meaning assigned to it in the law relating to the licensing and registration of motor vehicles in force in the Province in which the airport concerned is situated.

REGULATION OR PROHIBITION OF VEHICULAR OR OTHER TRAFFIC.

29. (1) The manager may, in respect of any road or any portion of such road, by means of one or more appropriate road traffic signs erected or placed along such road or portion of a road—

(a) fix a speed limit;

(b) indicate where, the manner in which and for what period vehicles or certain types or classes of vehicles may be parked;

(c) indicate where vehicles or certain types or classes of vehicles may not be parked;

(d) indicate where vehicles shall come to a stop before proceeding;

(e) indicate points at which pedestrians may cross a road; and

(f) give such other directions for the regulation or prohibition of traffic as may from time to time be necessary.

(2) The manager may on the airport demarcate one or more areas, not forming part of a road, where vehicles or particular types or classes of vehicles may be parked and any such area shall for the purpose of these regulations be deemed to be a road.

(3) Every person shall obey a road traffic sign: Provided that a road traffic sign shall not apply to any person operating an ambulance or fire engine lawfully in use as such or to a policeman using any vehicle in the execution of his duty.

(4) Every person shall obey a direction given by a policeman for the purpose of controlling traffic on a road.

GEBRUIK VAN PAAIE EN LOOPPAAIE.

26. Uitgesonderd in 'n noodgeval, mag niemand—

(a) op die lughawe, 'n voertuig beweeg nie behalwe op 'n pad;

(b) op die lughawe uitgesonderd 'n persoon in die eindpuntgebied of in 'n gebou of bouwerk wat op die lughawe opgerig is, te voet loop nie, behalwe op 'n looppad: Met dien verstande dat as daar geen looppad is nie, 'n persoon op 'n pad te voet mag loop maar dan so na as moontlik aan die regterkant van die betrokke pad moet bly sodat hy naderende verkeer kan sien; of

(c) op die lughawe, vry deurgang langs 'n pad of looppad versper nie: Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie van toepassing is nie op 'n voertuig wat geparkeer staan op 'n plek waar 'n voertuig van daardie besondere tipe of klas ooreenkomstig 'n padverkeersteken wat ingevolge regulasie 29 daar opgerig of aangebring is, geparkeer mag word.

VOERTUIE MOET LINKS HOU.

27. Enigiemand wat 'n voertuig op 'n pad dryf, moet dit met die nodige versigtigheid en op so 'n wyse doen dat hy nie die grens van die helfte van die pad aan sy regterkant oorsteek nie, tensy hy dit kan doen sonder om ander verkeer daarop te belemmer of in gevaar te stel en sodanige oorsteking nie ingevolge 'n padverkeersteken belet word nie, of tensy hy dit in uitvoering van die opdrag van 'n polisiebeampte doen.

DRYF VAN MOTORVOERTUIE.

28. (1) Niemand mag 'n motorvoertuig op die lughawe dryf nie, tensy hy die houer is van 'n lisensie wat ingevolge die wet met betrekking tot die lisensiëring en registrasie van motorvoertuie wat van krag is in die Provinsie waarin die betrokke lughawe geleë is, aan hom die reg verleen om daardie motorvoertuig op 'n publieke pad in daardie Provinsie te dryf.

(2) Die bestuurder of 'n polisiebeampte kan van die drywer van 'n motorvoertuig op die lughawe vereis om die lisensie te toon wat aldus aan hom die reg verleen om daardie motorvoertuig te dryf.

(3) Vir die toepassing van hierdie regulasie het die uitdrukking „motorvoertuig" die betekenis wat dit het in die wet met betrekking tot die lisensiëring en registrasie van motorvoertuie wat van krag is in die Provinsie waarin die betrokke lughawe geleë is.

REËLING OF BELETTING VAN VOERTUIG- OF ANDER VERKEER.

29. (1) Die bestuurder kan, ten opsigte van 'n pad of gedeelte van so 'n pad, deur middel van een toepaslike padverkeersteken of meer wat langs so 'n pad of gedeelte van 'n pad opgerig of aangebring is—

(a) 'n snelheidsgrens vasstel;

(b) aandui waar, hoe en hoelank voertuie of sekere tipes of klasse voertuie geparkeer mag word;

(c) aandui waar voertuie of sekere tipes of klasse voertuie nie geparkeer mag word nie;

(d) aandui waar voertuie moet stilhou voordat hulle verder gaan;

(e) punte aandui waar voetgangers 'n pad mag oorsteek; en

(f) sodanige ander opdragte vir die reëling of beletting van verkeer gee as wat van tyd tot tyd nodig is.

(2) Die bestuurder kan op die lughawe een terrein of meer wat nie deel van 'n pad uitmaak nie, afbaken waar voertuie of bepaalde tipes of klasse voertuie geparkeer mag word en vir die toepassing van hierdie regulasies word geag dat so 'n terrein 'n pad is.

(3) Iedere persoon moet 'n padverkeerteken gehoorsaam: Met dien verstande dat 'n padverkeersteken nie van toepassing is nie op iemand wat 'n ambulans of brandweerwa, wat wettiglik as sodanig in gebruik is, bedien of op 'n polisiebeampte wat in die uitvoering van sy plig 'n voertuig gebruik.

(4) Iedere persoon moet 'n opdrag wat 'n polisiebeampte gee ten einde verkeer op 'n pad te reël, gehoorsaam.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



DAMAGE TO ROADS.

34. No person shall on a road—

(*a*) use any vehicle or move any vehicle or machine or implement in a manner likely to cause damage to such road: Provided that it shall be a defence to a prosecution under this paragraph if the person charged proves to the satisfaction of the court that the damage was a direct result of the extricating or safeguarding of any vehicle, that such damage was repaired to the best of his ability and that the road was left in a passable condition; or

(*b*) deposit any petrol or other liquid fuel or any oil or grease or any other inflammable or offensive matter, or ashes or other refuse.

WHEN LIGHTS ARE TO BE SHOWN.

35. No person shall on a road during the period between half an hour after sunset and half an hour before sunrise, or at any other time when there is not sufficient daylight to render clearly visible a person, vehicle, road traffic sign or other substantial object which may be encountered on a road at a distance of five hundred feet, drive any vehicle on a road unless such lamps and reflectors are fitted to and such lights displayed on such vehicle as would have been necessary in terms of the law relating to the licensing and registration of motor vehicles in force in the Province in which the airport concerned is situated if such vehicle had been driven during such period or time on a public road in the said Province: Provided that during any such period or time lights need not be so displayed on a vehicle parked—

(*a*) in a place where a vehicle of that particular type or class may be parked in accordance with a road traffic sign erected or placed in terms of regulation 29; or

(*b*) within a distance of forty feet from a lighted road lamp illuminating the road on which such vehicle is parked.

UNROADWORTHY VEHICLES.

36. No person shall on a road use a vehicle which is not in a roadworthy condition in terms of the law relating to the licensing and registration of motor vehicles in force in the Province in which the airport concerned is situated: Provided that a vehicle in respect of which a certificate has been issued in terms of the said law by an authority, competent to do so, to the effect that the vehicle in question is roadworthy shall, until the contrary be proved, be deemed to be in a roadworthy condition.

STOPPING AFTER ACCIDENT.

37. (1) The driver of a vehicle which is involved in an accident on a road in which any other person or any animal is injured or killed or in which damage is caused to any vehicle or other property of any other person shall immediately stop his vehicle and, having first rendered such assistance to any person injured as he may be capable of rendering, shall forthwith report such accident to the manager and to a policeman to whom he shall give his name and address, the name and address of the owner of the vehicle driven by him and in the case of a motor vehicle the registration or similar mark thereof. The driver of the said vehicle shall not, except on instructions of or when administered by a medical practitioner in the case of injury or shock, take any intoxicating liquor or narcotic drug unless he has reported such accident to the manager and to a policeman and has been examined by a medical practitioner if such examination is required by the manager or a policeman.

(2) No person shall remove any vehicle involved in an accident on a road, in which another person or an animal is injured or killed or damage is caused to the property of another person, from the position in which it came to rest, until such removal has been authorised by a policeman, except when such accident causes com-

BESKADIGING VAN PAAIE.

34. Niemand mag op 'n pad—

(*a*) 'n voertuig gebruik of 'n voertuig of masjien of werktuig beweeg op so 'n wyse dat dit die pad kan beskadig nie: Met dien verstande dat dit by 'n vervolging kragtens hierdie paragraaf 'n verweer uitmaak as die aangeklaagde persoon tot tevredenheid van die hof bewys dat die skade 'n regstreekse gevolg van die uitsleep of beveiliging van 'n voertuig was, dat die skade na sy beste vermoë herstel is en dat die pad in 'n begaanbare toestand gelaat is; of

(*b*) petrol of ander vloeibare brandstof of olie of ghries of enige ander ontvlambare of aanstootlike stof, of as of ander afval gooi nie.

WANNEER LIGTE AANGESKAKEL MOET WEES.

35. Niemand mag gedurende die tydperk tussen 'n halfuur na sononder en 'n halfuur voor sonop, of op enige ander tyd wanneer daar nie genoeg daglig is om 'n persoon, voertuig, padverkeersteken of ander aansienlike voorwerp wat op 'n pad teëgekom mag word, op 'n afstand van vyfhonderd voet duidelik te kan sien, 'n voertuig op pad dryf nie, tensy die voertuig voorsien is van die lampe en kaatsers en die ligte vertoon wat ingevolge die wet met betrekking tot die lisensiëring en registrasie van motorvoertuie wat van krag is in die Provinsie waarin die betrokke lughawe geleë is, nodig sou gewees het as die voertuig gedurende daardie tydperk of op daardie tyd op 'n publieke pad in gemelde Provinsie gedryf is: Met dien verstande dat ligte nie gedurende enige sodanige tydperk of op enige sodanige tyd aldus vertoon hoef te word nie op 'n voertuig wat geparkeer is—

(*a*) op 'n plek waar 'n voertuig van daardie besondere tipe of klas geparkeer mag word ooreenkomstig 'n padverkeersteken wat ingevolge regulasie 29 opgerig of aangebring is; of

(*b*) binne 'n afstand van veertig voet vanaf 'n brandende padlamp wat die pad waarop die voertuig geparkeer is, verlig.

ONPADWAARDIGE VOERTUIE.

36. Niemand mag op 'n pad 'n voertuig gebruik wat, ingevolge die wet met betrekking tot die lisensiëring en registrasie van motorvoertuie wat van krag is in die Provinsie waarin die betrokke lughawe geleë is, nie in 'n padwaardige toestand is nie: Met dien verstande dat 'n voertuig ten opsigte waarvan 'n sertifikaat uitgereik is ingevolge gemelde wet deur 'n bevoegde gesag ten effekte dat die betrokke voertuig padwaardig is, geag word in 'n padwaardige toestand te wees totdat die teendeel bewys word.

STILHOU NA ONGELUK.

37. (1) Die drywer van 'n voertuig wat op 'n pad betrokke raak in 'n ongeluk waarin 'n ander persoon of 'n dier beseer of gedood word of waarin 'n voertuig of ander eiendom van 'n ander persoon beskadig raak, moet onmiddellik sy voertuig tot stilstand bring en nadat hy al die hulp aan enige beseerde persoon verleen het wat hy in staat is om te verleen, die ongeluk onverwyld by die bestuurder en by 'n polisiebeampte aanmeld aan wie hy sy naam en adres en die naam en adres van die eienaar van die voertuig deur hom gedryf, moet gee en in die geval van 'n motorvoertuig ook die registrasie of soortgelyke merk daarvan. Die drywer van genoemde voertuig mag nie, uitgesonderd op las van of wanneer dit deur 'n geneesheer toegedien word in die geval van besering of skok, enige sterk drank drink of narkotiese middel neem nie tensy hy die ongeluk by die bestuurder en 'n polisiebeampte aangemeld het en deur 'n geneesheer ondersoek is, indien sodanige ondersoek deur die bestuurder of 'n polisiebeampte vereis word.

(2) Niemand mag 'n voertuig wat op 'n pad betrokke raak in 'n ongeluk waarin 'n ander persoon of 'n dier beseer of gedood word of waarin die eiendom van 'n ander persoon beskadig raak, uit die posisie waarin dit tot stilstand gekom het, verwyder nie tot tyd en wyl sodanige verwydering deur 'n polisiebeampte gemagtig is,

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



plete obstruction of a road in which event the vehicle involved may, without such authority, and after its position has been clearly marked on the surface of the road by the person moving it, be moved sufficiently to allow the passage of traffic.

(3) For the purpose of this regulation the word "animal" means any bovine animal, horse, ass, mule, dog, sheep, goat or pig.

SAFETY MEASURES AGAINST FIRE.

38. (1) No person shall on the airport—

(*a*) smoke in or bring an open flame into—

(i) any place where such act is prohibited by a notice displayed on the direction or with the permission of the manager; or

(ii) any place within fifty feet of an aircraft or of any vehicle used for the supply of fuel to an aircraft or a store or dump of liquid fuel or explosives;

(*b*) by any act or omission cause or render likely an outbreak of fire;

(*c*) wilfully give a false fire alarm;

(*d*) tamper or interfere with any fire hose reel, hydrant or any other item of equipment provided solely for firefighting purposes;

(*e*) keep, store, discard or discharge any inflammable liquid, gas, signal flares or other like material except in an aircraft in the receptacle appropriate for the purpose or in a place on the airport specifically approved by the manager for the puropse; or

(*f*) store or stack any material or equipment in a manner which in the opinion of the manager constitutes or will constitute a fire hazard.

(2) The manager may make any approval granted by him in terms of paragraph (*e*) of sub-regulation (1) subject to compliance with such conditions as he may consider necessary to impose in order to safeguard persons or property on the airport and he may from time to time vary or add to any conditions so imposed or withdraw his approval.

ENTERING OR LEAVING AIRPORT.

39. (1) Except with the permission of the manager no person, other than a person entering or leaving the airport by means of an aircraft landing on or taking off from the airport, shall enter or leave the airport otherwise than through a gate or entrance provided by the manager for the purpose.

(2) Any person who is directed by the manager or a policeman to leave the airport or any part thereof, shall forthwith do so.

ADMITTANCE TO CERTAIN PARTS OF AIRPORT.

40. (1) The manager may from time to time by means of notices displaying the requisite information prohibit members of the public or any class or classes of members of the public from entering any part of the airport.

(2) Except with the permission of the manager no person shall enter any part of the airport from which members of the public are so excluded or a class of members of the public, to which he belongs, is so excluded.

(3) The manager may whenever and for such period as he deems it necessary—

(*a*) impose a charge of ten cents per person for admission to the terminal building;

(*b*) exempt any person from the payment of such charge.

(4) Any person not exempted from the payment of such charge who seeks entrance to the terminal building while such charge is being imposed, shall pay that charge in the manner indicated at the oppropriate entrance to the terminal building and shall receive a ticket which he shall hand over to the manager on entering the terminal building.

behalwe wanneer so 'n ongeluk 'n pad heeltemal versper, en in daardie geval kan die betrokke voertuig sonder magtiging en nadat die posisie daarvan duidelik op die oppervlakte van die pad gemerk is deur die persoon wat dit beweeg, ver genoeg beweeg word om verkeer te laat deurgaan.

(3) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken die woord „dier" enige dier van die beesgeslag, perd, donkie, muil, hond, skaap, bok of vark.

VEILIGHEIDSMAATREËLS TEEN BRAND.

38. (1) Niemand mag op die lughawe—

(*a*) rook in of 'n oop vlam bring in—

(i) enige plek nie waar dit by 'n kennisgewing wat op las of met die toestemming van die bestuurder vertoon word, verbode is; of

(ii) enige plek nie binne vyftig voet vanaf 'n vliegtuig of 'n voertuig wat vir die verskaffing van brandstof aan 'n vliegtuig gebruik word of 'n pakhuis of stapelplek vir vloeibare brandstof of springstof;

(*b*) deur enige daad of versuim 'n brand veroorsaak of die uitbreek daarvan moontlik maak nie;

(*c*) opsetlik 'n vals brandalarm maak nie;

(*d*) aan 'n brandslangrol, brandkraan of enige ander stuk uitrusting wat uitsluitlik vir brandbestryding verskaf word, peuter of hom daarmee bemoei nie;

(*e*) ontvlambare vloeistof, gas, seinfakkels of ander soortgelyke materiaal hou, bêre, weggooi of uitlaat nie behalwe in 'n vliegtuig in die houer wat daarvoor bestem is of op 'n plek op die lughawe wat die bestuurder uitdruklik daarvoor goedgekeur het; of

(*f*) materiaal of uitrusting bêre of stapel op 'n wyse wat na die mening van die bestuurder 'n brandgevaar uitmaak of sal uitmaak nie.

(2) Die bestuurder kan enige goedkeuring wat hy ingevolge paragraaf (*e*) van subregulasie (1) verleen, onderworpe stel aan die nakoming van sodanige voorwaardes as wat hy nodig ag om op te lê ten einde persone of eiendom op die lughawe te beveilig en hy kan van tyd tot tyd enige voorwaardes aldus opgelê, wysig of aanvul of sy goedkeuring terugtrek.

BINNEGAAN OF VERLATING VAN LUGHAWE.

39. (1) Behalwe met die toestemming van die bestuurder, mag niemand anders as 'n persoon wat die lughawe binnegaan of verlaat deur middel van 'n vliegtuig wat op die lughawe land of daarvandaan opstyg, die lughawe op 'n ander manier as deur 'n hek of ingang wat die bestuurder vir dié doel verskaf, binnegaan of verlaat nie.

(2) Enigiemand wat deur die bestuurder of 'n polisiebeampte opdrag gegee is om die lughawe of 'n gedeelte daarvan te verlaat, moet dit onverwyld doen.

TOEGANG TOT SEKERE GEDEELTES VAN LUGHAWE.

40. (1) Die bestuurder kan van tyd tot tyd deur middel van kennisgewings met die nodige inligting daarop, lede van die publiek of enige klas of klasse lede van die publiek belet om enige gedeelte van die lughawe binne te gaan.

(2) Behalwe met die toestemming van die bestuurder, mag niemand enige gedeelte van die lughawe waarvan lede van die publiek aldus uitgesluit is of 'n klas lede van die publiek waartoe hy behoort, aldus uitgesluit is, binnegaan nie.

(3) Die bestuurder mag wanneer en vir sodanige tydperk as wat hy dit nodig ag—

(*a*) 'n bedrag van tien sent per persoon vir toegang tot die eindpuntgebou hef;

(*b*) enige persoon van die betaling van sodanige heffing vrystel.

(4) Enige persoon wat nie van die betaling van sodanige heffing vrygestel is nie en wat, terwyl die heffing toegepas word, toegang tot die eindpunt gebou verlang, moet daardie heffing op dié wyse soos wat by die gepaste toegang tot die eindpuntgebou aangedui word, betaal en moet 'n kaartjie ontvang wat hy by die binnegaan van die eindpuntgebou aan die bestuurder moet oorhandig.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(5) No person shall during such period as the said charge is being imposed enter the terminal building unless he is exempted from the payment of such charge or has obtained and handed over an admission ticket in the manner prescribed in sub-regulation (4).

(6) An automatic device for the selling of admission tickets may be used and in that case the provisions of paragraphs (*a*), (*b*), (*c*) and (*e*) of sub-regulation (5) of regulation 30 shall *mutatis mutandis* apply to such automatic device.

ACTS PROHIBITED IN TERMINAL BUILDING.

41. Except with the approval of the manager no person shall—

(*a*) bring a vehicle into or drive a vehicle in or into the terminal building; or

(*b*) obstruct an entrance to or a passage in the terminal building in such a manner as to inconvenience other users of the entrance or passage concerned.

ACTS PROHIBITED ON AIRPORT.

42. (1) No person shall on the airport —

(*a*) obstruct or interfere with the proper use of the airport;

(*b*) obstruct any person in the full-time employment of the State acting in the execution of his duty in relation to the airport;

(*c*) remove any notice board erected by the manager or with his permission or any writing or document displayed on such notice board or deface any such writing or document or any marking on such notice board or document;

(*d*) throw, leave or drop anything capable of causing injury to any person or animal or damage to any property;

(*e*) dump any waste matter whatsoever elsewhere than at a place approved for the purpose by the manager;

(*f*) commit any nuisance or disorderly or indecent act or be in a state of intoxication or behave in a violent or offensive manner to the offence or annoyance of other persons on the airport or make use of abusive, indecent or offensive language; or

(*g*) write, draw or affix any profane, obscene, indecent or abusive word, matter, representation or character on the airport or on property on the airport.

(2) Except with the permission of the manager no person shall on the airport—

(*a*) damage, interfere or tamper with any part of the airport or any equipment associated with the operation of the airport;

(*b*) climb any wall, fence, barrier, railing, gate or post;

(*c*) wash or otherwise clean or polish a vehicle elsewhere than at a place approved for the purpose by the manager;

(*d*) cut, dig, damage or remove any soil, grass, tree, shrub or flower;

(*e*) go on to or damage any flowerbed or anything growing therein;

(*f*) remove, pick or otherwise damage any tree, shrub, plant or flower; or

(*g*) go on to a lawn or onto ground which has been seeded or planted for the purpose of growing grass to form a lawn.

ANIMALS ON AIRPORT.

43. (1) Except with the permission of the manager no person shall cause or permit any animal to graze or feed on the airport.

(2) Any person bringing an animal, other than a dog, on to the airport or receiving an animal, other than a dog, on the airport shall ensure that that animal is at all times under proper control while it remains on the airport.

(5) Geen persoon mag, terwyl die gemelde heffing toegepas word, die eindpuntgebou binnegaan nie tensy hy van die betaling van sodanige heffing vrygestel is of 'n toegangskaartjie verkry en oorhandig het soos in subregulasie (4) voorgeskryf.

(6) 'n Outomatiese toestel mag vir die verkoop van toegangskaartjies gebruik word, in welke geval die bepalings van paragrawe (*a*), (*b*), (*c*) en (*e*) van subregulasie (5) van regulasie 30 *mutatis mutandis* op sodanige outomatiese toestel van toepassing is.

VERBODE HANDELINGE IN EINDPUNTGEBOU.

41. Behalwe met die goedkeuring van die bestuurder mag niemand—

(*a*) 'n voertuig in die eindpuntgebou inbring of daarin dryf nie; of

(*b*) 'n ingang tot of gang in die eindpuntgebou op so 'n manier versper dat dit ongerief vir ander gebruikers van die betrokke ingang of gang veroorsaak nie.

VERBODE HANDELINGE OP LUGHAWE.

42. (1) Niemand mag op die lughawe—

(*a*) die behoorlike gebruik van die lughawe belemmer of hom daarmee bemoei nie;

(*b*) enige persoon in voltydse diens van die Staat in die uitvoering van sy plig met betrekking tot die lughawe hinder nie;

(*c*) 'n kennisgewingbord wat deur die bestuurder of met sy toestemming opgerig is, of 'n geskrif of dokument wat op so 'n kennisgewingbord vertoon word, verwyder of so 'n geskrif of dokument of 'n merk op so 'n kennisgewingbord of dokument vermink nie;

(*d*) enigiets wat 'n persoon of dier kan beseer of eiendom kan beskadig, gooi, laat lê of laat val nie;

(*e*) enige afval hoegenaamd op 'n ander plek as dié wat die bestuurder daarvoor goedgekeur het, gooi nie;

(*f*) 'n steurnis verwek of 'n oproerige of onwelvoeglike daad verrig of in 'n beskonke toestand verkeer of op 'n geweldadige of aanstootlike wyse optree waaraan ander persone op die lughawe aanstoot kan neem of hulle kan erger of beledigende, onwelvoeglike of aanstootlike taal besig nie; of

(*g*) enige godslasterlike, vuil, onwelvoeglike of beledigende woord, ding, voorstelling of teken op die lughawe of op eiendom op die lughawe skryf, teken of vasheg nie.

(2) Behalwe met die toestemming van die bestuurder mag niemand op die lughawe—

(*a*) enige gedeelte van die lughawe of uitrusting wat aan die bedryf van die lughawe verbonde is beskadig, hom daarmee bemoei of daaraan peuter nie;

(*b*) oor of op 'n muur, heining, versperring, reling, hek of paal klim nie;

(*c*) 'n voertuig op 'n ander plek as dié wat die bestuurder daarvoor goedgekeur het, was of op 'n ander manier skoonmaak of poets nie;

(*d*) enige grond, gras, boom, struik of blom afsny, uitspit, beskadig of verwyder nie;

(*e*) hom in 'n blombedding begeef of enigiets wat daarin groei, beskadig nie;

(*f*) enige boom, struik, plant of blom verwyder, afpluk of andersins beskadig nie; of

(*g*) hom op 'n grasperk of op grond waarop saad gesaai of gras geplant is om 'n grasperk te kweek, begeef nie.

DIERE OP LUGHAWE.

43. (1) Behalwe met die toestemming van die bestuurder, mag niemand enige dier op die lughawe laat wei of voer gee of dit toelaat nie.

(2) Enigiemand wat 'n dier, uitgesonderd 'n hond, op die lughawe bring of 'n dier, uitgesonderd 'n hond, op die lughawe ontvang, moet sorg dat daardie dier deurentyd onder behoorlike beheer is solank dit op die lughawe bly.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



DOGS ON AIRPORT.

44. No person shall cause or permit any dog belonging to him or in his charge to enter or remain on the airport unless such dog is, and at all times while on the airport continues to be, on a suitable leash and is effectively restrained from causing annoyance to any other person on the airport.

DEPOSIT OF ARTICLES IN CLOAKROOM.

45. At an airport where a cloakroom service is provided, articles may be deposited in the cloakroom on the airport but no article shall be considered as being deposited in the cloakroom unless the person wishing to deposit such article has handed it over to the manager, has paid the fee prescribed in sub-regulation (1) of regulation 47 and has received a cloakroom ticket, in the form prescribed in Annex A, in respect of the article so deposited.

HANDING-OVER OF ARTICLES DEPOSITED IN CLOAKROOM.

46. (1) Save as provided in regulation 50 an article deposited in the cloakroom on the airport shall be handed over only on production of the cloakroom ticket issued in respect thereof in terms of regulation 45 and on payment of all charges which may have become payable in respect of that article in terms of sub-regulation (2) of regulation 47.

(2) The State's liability in respect of such an article shall not extend beyond handing over the article to the person producing the cloakroom ticket issued in respect of that article.

CHARGES FOR DEPOSITING ARTICLES IN CLOAKROOM.

47. (1) A charge of five cents in respect of each article deposited in the cloakroom on the airport shall be payable by the depositor at the time of deposit.

(2) If an article is left in the cloakroom on the airport for a period exceeding twenty-four hours calculated as from the time at which the article was deposited in the cloakroom an additional charge of five cents per twenty-four hours or part thereof, calculated as from the time at which the initial period of twenty-four hours expired, shall become payable in respect of that article subject to a maximum charge of fifty cents.

STATE'S LIABILITY LIMITED IN RESPECT OF ARTICLES DEPOSITED IN CLOAKROOM.

48. The liability of the State in respect of the loss of or damage to any article deposited in the cloakroom on the airport shall be limited to the amount of one hundred rand.

LOSS OF CLOAKROOM TICKET.

49. (1) If a person loses the cloakroom ticket issued in terms of regulation 45 in respect of an article deposited in the cloakroom on the airport he may obtain that article upon making a statement in writing to the manager in which shall be described, to the satisfaction of the manager, the manner of the loss of the said cloakroom ticket, the article to which it relates and, if applicable, the contents of such article.

(2) Before handing over an article in terms of sub-regulation (1) the manager may require the person to whom it is to be handed over to indemnify, in writing, the State against any claim by any other person in respect of such article and to furnish such security against any such claim as the manager may deem necessary.

MAXIMUM PERIOD OF DEPOSIT IN CLOAKROOM.

50. If an article is still deposited in the cloakroom on the airport after expiration of a period of fifteen days calculated as from the day on which that article was

HONDE OP LUGHAWE.

44. Niemand mag 'n hond wat aan hom behoort of in sy sorg is, op die lughawe laat kom of laat bly of dit toelaat nie, tensy die hond aan 'n geskikte koppelband vas is, en solank die hond op die lughawe is, deurentyd daaraan vasbly en op 'n doeltreffende manier beteuel word sodat die hond nie 'n ergernis vir iemand anders op die lughawe is nie.

BEWARING VAN ARTIKELS IN BEWAARKAMER.

45. By 'n lughawe waar 'n bewaarkamerdiens voorsien word kan artikels by die bewaarkamer op die lughawe in bewaring gegee word, maar daar word nie geag dat 'n artikel by die bewaarkamer in bewaring gegee is nie tensy die persoon wat die artikel in bewaring wil gee, dit aan die bestuurder oorhandig, die gelde voorgeskryf in subregulasie (1) van regulasie 47 betaal en 'n bewaarkamerkaartjie, in die vorm voorgeskryf in Aanhangsel A, ten opsigte van die artikel wat aldus in bewaring gegee is, ontvang het.

OORHANDIGING VAN ARTIKELS WAT BY BEWAARKAMER IN BEWARING GEGEE IS.

46. (1) Behoudens die bepalings van regulasie 50, word 'n artikel wat by die bewaarkamer op die lughawe in bewaring gegee is, slegs oorhandig op vertoon van die bewaarkamerkaartjie wat ingevolge regulasie 45 ten opsigte daarvan uitgereik is en na betaling van alle gelde wat ingevolge subregulasie (2) van regulasie 47 ten opsigte van daardie artikel betaalbaar mag wees.

(2) Die Staat se aanspreeklikheid ten opsigte van so 'n artikel eindig by die oorhandiging van die artikel aan die persoon wat die bewaarkamerkaartjie toon wat ten opsigte van daardie artikel uitgereik is.

GELDE BETAALBAAR VIR BEWARING VAN ARTIKELS IN BEWAARKAMER.

47. (1) 'n Bedrag van vyf sent ten opsigte van elke artikel wat by die bewaarkamer in bewaring gegee word, is betaalbaar deur die persoon wat die artikel in bewaring gee wanneer hy dit doen.

(2) As 'n artikel vir langer as vier-en-twintig uur, gereken vanaf die tyd waarop dit by die bewaarkamer in bewaring gegee is, in die bewaarkamer op die lughawe gelaat word, word 'n verdere bedrag van vyf sent per vier-en-twintig uur of gedeelte daarvan, gereken vanaf die tyd waarop die oorspronklike tydperk van vier-en-twintig uur verstryk het, ten opsigte van daardie artikel betaalbaar, onderworpe aan 'n maksimum bedrag van vyftig sent.

AANSPREEKLIKHEID VAN STAAT BEPERK TEN OPSIGTE VAN ARTIKELS BY BEWAARKAMER IN BEWARING GEGEE.

48. Die aanspreeklikheid van die Staat ten opsigte van die verlies of beskadiging van 'n artikel wat by die bewaarkamer in bewaring gegee word, is tot die bedrag van eenhonderd rand beperk.

VERLIES VAN BEWAARKAMERKAARTJIE.

49. (1) As iemand die bewaarkamerkaartjie verloor wat ingevolge regulasie 45 uitgereik is ten opsigte van 'n artikel wat by die bewaarkamer op die lughawe in bewaring gegee is, kan hy daardie artikel terugkry na indiening van 'n skriftelike verklaring by die bestuurder waarin, tot tevredenheid van die bestuurder, 'n beskrywing gegee word van hoe gemelde bewaarkamerkaartjie verloor is, die artikel waarop dit betrekking het en, indien van toepassing, die inhoud van die artikel.

(2) Voordat 'n artikel ingevolge subregulasie (1) oorhandig word, kan die bestuurder van die persoon aan wie dit oorhandig moet word, vereis om die Staat skriftelik teen enige eis deur enige ander persoon ten opsigte van die artikel te vrywaar en sodanige sekuriteit teen enige sodanige eis te lewer as wat die bestuurder nodig ag.

